# Die ontwikkeling van verveling as ‘n pedagogiese strategie om kreatiwiteit te ontsluit in hoër onderwys: ‘n pedagogiese metafoor

---

Verveling is ‘n baie algemene ervaring wat deur die meeste studente ervaar word en 'n impak op hulle het. Alhoewel verveling hoofsaaklik met negatiewe uitkomstes geassosieer word, het meer onlangse navorsing getoon dat verveling moontlik ‘n self-regulerende uitwerking kan hê wat kan lei tot veranderinge en positiewe gevolge. Kreatiwiteit is een van hierdie moontlike positiewe gevolge in die konteks van hoër ondewys. My studie het vervolgens gemik om te bepaal of daar enige oorvleueling is tussen die konsepte van verveling en kreatiwiteit. Dit sou my help om te bepaal of verveling dalk wel tot kreatiwiteit kan bydra en of verveling moontlik gebruik kan word as ‘n opvoedkundige strategie om kreatiwiteit te kweek.

'n Konsep analise van die huidig beskikbare literatuur oor die konsepte van verveling en kreatiwiteit is gedoen en my navorsing het bevind dat daar wel verskeie areas is waar verveling en kreatiwiteit oorvleuel. My bevindinge is omskryf in ‘n pedagogiese metafoor wat aandui hoe verveling aangewend kan word om kreatiwiteit na vore te bring, mits dit binne ‘n geskikte onderrig omgewing wat die bevordering van kreatiwiteit ondersteun aangewend word, veral in die konteks van kontaksessies.

Die studie het ook voorstelle gemaak ten opsigte van die moontlikhede vir toekomstige navorsing en vir die toepassing van die bevindinge rondom verveling as 'n opvoedkundige hulpmiddel om kreatiwiteit aan te wakker.

---

Ané Craven

Studieleier: Prof Liezel Frick